# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

In 1924 het die Nasionale Party van genl. J.B.M. Hertzog en die Arbeidersparty van kol. F.H.P. Creswell daarin geslaag om, na die sluiting van 'n verkiesingspakt, die Suid-Afrikaanse Party van genl. J.C. Smuts tydens die algemene verkiesing op 17 Junie 1924 uit die kussings te lig. Die nuwe regering het as die Pakt bekendgestaan. Hertzog het Smuts se plek as Eerste Minister ingeneem.

Tydens die Pakt-bewind het 'n veranderde ekonomiese klimaat in Suid-Afrika geheers. Suid-Afrika het, sedert die Eerste Wêreldoorlog, tot so 'n mate op industriële gebied ontwikkel dat industrieë nou, naas die myne, die belangrikste werkverskaffers geword het. Terselfdertyd het tegnologiese ontwikkelinge op landboukundige gebied dit vir die kleinboer moeiliker gemaak om voort te bestaan. Armoede en die aantrekkingskrag van groter werksgeleenthede het veral Afrikaners gedwing om in 'n toenemende mate 'n heenkome in die stede te gaan soek. Hier moes hierdie 'armblankes' met swartes om ongeskoolde werksgeleenthede meeding.

Die swart bevolkingsgroepe het ook op hierdie stadium vanweë die grondskaarste in die reservate en die uitwer= king van die Naturellen Grond Wet van 1913 verstedelik. Hulle het feitlik deurgaans oor geen spesifieke beroeps= vaardighede beskik nie. Verder het hulle steeds bande met hulle bestaansekonomie in die reservate behou. Gevolglik was hulle bereid om hulle arbeid teen lae lone te verhan= del. Die gebrek aan konstitusionele regte en beperkende wetgewing ten opsigte van plek van verblyf, vakbondorga= nisasie en stakings het hierdie groep uiters kwesbaar vir kapitalistiese uitbuiting gemaak.

Blanke arbeiders is op hulle beurt bedreig deur die feit dat swartes bereid was om teen lae lone te werk en gevolglik dikwels voorkeur by indiensneming geniet het. Die blanke werkersklas het hewige teenstand gebied teen die pogings van kapitalistiese belangegroepe, soos die mynhuise, om blanke werkers met goedkoper swart arbeid te vervang. Die 1922-staking was trouens 'n militante poging van die blanke werkersklas om te verhoed dat hulle deur goedkoper swart arbeiders in semi-geskoolde poste vervang word. Die Pakt het aan bewind gekom in 'n era wat geken=merk is deur botsings tussen die blanke werkersklas aan die een kant en die kapitaliste aan die ander kant.

Hertzog se Nasionale Party het die Afrikaner, met sy armblankevraagstuk en diepgewortelde wrok teen die Britse Ryk, verteenwoordig. Creswell se Arbeidersparty het die geskoolde en semi-geskoolde blanke arbeiders en hulle agterdog jeens kapitalistiese uitbuiting verteenwoordig. Saam sou hierdie twee partye poog om deur middel van 'n beleid van 'beskaafde arbeid' die blanke van werk te voorsien en om hom teen kapitalistiese uitbuiting te beskerm. Hierdie beleid het noodwendig impliseer dat swart werkers vir blankes plek sou maak; dat die swart werkersklas skadeloos gestel sou word en dat geskoolde en semi-geskoolde werksgeleenthede vir blankes alleen gereserveer sou word.

Op die oog af was die Nasionale Party en die Arbeiders=party ongewone politieke bondgenote. Die Nasionale Party het hom uitsluitlik vir Afrikaner nasionale belange beywer. Herinneringe aan die Anglo-Boereoorloë en die konsentrasiekampe was nog lewendig en daar is gevoel dat slegs onafhanklikheid van die Britse Ryk die Afrikaner se selfrespek kon herstel. Die party wou vir die Afrikaner 'n regmatige plek in die ekonomiese en politieke lewe in Suid-Afrika bekom. Die Arbeidersparty daarteenoor het die belange van die geskoolde en halfgeskoolde werkers aan

die Witwatersrand, meesal Engelssprekendes, verteenwoor=dig. Die party was sterk vakbondgeoriënteerd en was in sommige gevalle ook beïnvloed deur Bolsjewistiese of Kommunistiese leerstellinge. Vakbonde en Kommunisme was vir die Afrikaners volksvreemde begrippe.[1]

By nadere ontleding van die doelstellinge van die twee politieke partye blyk dit egter dat hulle in meer as een opsig baie in gemeen gehad het.

## 1.1 DIE NASIONALE PARTY

Die Nasionale Party het hom vir die opheffing van die Afrikaner, en veral die armblanke, beywer. Suid-Afrika het sedert die laat negentiende eeu 'n ekonomiese trans=formasie ondergaan. Die oorwegend agrariese en landelike gemeenskap moes plek maak vir 'n industriële en verstede=likte samelewing. Ook in die landbousektor het verande=ringe ingetree toe kapitalistiese landboubeoefening in die eerste dekades van die twintigste eeu sy verskyning gemaak het.[2] Daarmee het talle blanke kleinboere verdwyn en moes ook hulle in die stede 'n heenkome vind. Na raming het tussen 200 000 en 300 000 blankes in hierdie tydperk na die stede gestroom.[3] In 1911 het 29% van die Afrikaners in die stede gewoon, in 1926 41% en in 1936 50%.[4]

---

1. Simons en Simons, Class and Colour, p.221.

2. M.L. Morris, "The importance of labour tenancy for agriculture in the twentieth century", in M.Murray South African capitalism and black political opposition, pp.251-2.

3. E.L.P. Stals, Afrikaners in die Goudstad, deel 2, 1924 - 1961, pp.10-13.

4. H. Giliomee en H. Adam, Afrikanermag: Opkoms en toekoms, p.78.

Die oorgrote meerderheid van hierdie nuwe stedelinge was armblankes, wat as besitlose proletariaat in die stede geariveer met slegs hul ongeskoolde arbeid om te verhandel.[5] Hulle moes met swartes om ongeskoolde werk meeding. Werkloosheid was aan die orde van die dag. In die 1920's was bykans 200 000 blankes uit 'n totale bevolking van een en 'n half miljoen werkloos.[6]

Die werkloosheidsprobleem is vererger deur rassevoor=oordele wat sedert die volksplanting by die blanke bevolkingsgroep aanwesig was.[7] Hierdie vooroordele het rassestereotipering in die hand gewerk. Volgens hierdie stereotipes was handearbeid die uitsluitlike domein van die swart of anderskleurige werker, terwyl die blanke die toesighouer of entrepreneur was. Hierdie ingewortelde vooroordele jeens handearbeid was ook by die armblankes aanwesig. Doxey[8] wys daarop dat die armblankes eerder onder haglike omstandighede geleef het, as om dieselfde handearbeid as swartes te verrig. Sy gevolgtrekking is waarskynlik korrek, veral as in ag geneem word dat die armblankes tot kort tevore nog grondbesitters was. Dit verklaar ook waarom die Pakt gepoog het om 'beskaafde' poste in veral die staatsdiens vir blankes alleen te

---

5. Johnstone, Class, race and gold, p.57.

6. H. Wolpe, "Class, race and occupational struggle", University of London Institute of Commonwealth studies, Collected seminar papers of Societies of Southern Africa in the 19th and 20th centuries, vol.2, 1970 - 1971, p.108.

7. Sien o.a. H. Giliomee en R. Elphick, "Die struktuur van Europese oorheersing aan die Kaap, 1652 - 1820" in Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820, pp.387-425; G.M. Frederickson, White supremacy: a comparative study in American and South African history, pp.60-66; I.D. MacCrone, Race attitudes in South Africa, pp.1-136.

8. G.V. Doxey, The industrial colour bar in South Africa, pp.77-80.

reserveer[9], maar aan die ander kant geen poging aangewend het om armblankes tot plaasarbeiders in diens van ander blankes te maak nie.

Benewens die steun van die armer Afrikaners het die Nasionale Party ook aanhang in die plattelandse gebiede gehad. Hier is die kieserskorps sterk deur die grondbe= sittersklasse verteenwoordig. Aangesien hierdie groep nie direk by die beskaafde arbeidsbeleid gebaat het nie, word hulle vir die doel van hierdie studie buite rekening gelaat. Dit is egter insiggewend dat sommige historici meen dat die arbeidsbehoeftes van die boerderygemeenskap wetgewing met betrekking tot die swartes in die Pakt-era betekenisvol beïnvloed het. Hertzog se vier wetsontwerpe rakende swart grondbebesit en swart stemreg word gesien as blatante pogings om landelike swartes te forseer om by blanke boere in diens te tree.[10] Ook wetgewing rakende swart verstedeliking word gesien as 'n poging om die arbeidstekorte, wat deur die boerderysektor ondervind is, reg te stel. Omdat die wette bepaal het, dat slegs swartes wat werk in stedelike gebiede gehad het, hulle daar kon vestig, word beweer dat die staat aktief die akkumulasie van kapitaal ondersteun het. Die staat het, met ander woorde, aktief betrokke geraak by die toewysing en distribusie van arbeid aan die verskillende sektore van die ekonomie.[11]

---

9. Offisiële Jaarboek, No.9 1926 - 1927, p.203, Sirkulêre No.5 van die Eerste Minister, 31 Oktober 1924; Yudelman, The emergence of modern South Africa, p.21.

10. Die siening kom veral sterk na vore in Lacey, Working for Boroko, pp.120-180.

11. R. Bloch en P. Wilkinson, "Urban control and popular struggle: a survey of state urban policy, 1920 - 1970", African Perspective, no.20, 1982, pp.3-6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.2 DIE ARBEIDERSPARTY

Teenoor die Nasionale Party wat die belange van onge=skoolde Afrikaners verteenwoordig het, het die Arbeiders party die belange van die Engelssprekende werkersklas verteenwoordig - stedelinge, geskoolde- en halfgeskoolde werkers.[12] Die party het hom uitsluitlik vir die blanke werkersklas beywer en was nie 'n verteenwoordigende liggaam vir werkers oor etniese grense heen nie. Dit het nooit enige diskriminerende wetgewing binne die Unie-parlement teengestaan nie, tensy die posisie van blanke werkers daardeur bedreig is. In 1919 was die Party trouens sodanig rassisties dat A.F. Batty uit die party bedank het en sy eie nie-rassige Demokratiese Arbeiders=party gestig het.[13] Creswell self het bekendheid verwerf met sy pogings om in 1896 swart ongeskoolde arbeid op die 'Durban Deep'-diepskagmyne met blanke arbeid te vervang.[14] Mabel Palmer het die Arbeiderspar=ty beskryf as 'n politieke party vir Britse werkers wat in Suid-Afrika 'n veel hoër lewenstandaard handhaaf as waaraan hulle in Engeland gewoond was. "They are super=visors, not actual manual workers". As 'n politieke party "...(it) preaches crude socialism; in practice it functions mainly as 'white labour protection society'."[15]

Dit is ongetwyfeld so dat die meeste van die ondersteu=ners van die Arbeidersparty die swart werkersklas as 'n

---

12. Simons en Simons, Class and Colour, p.221.

13. Simons en Simons, Class and Colour, p.221.

14. Cresswell, An epoch, pp.33-37; Houghton, The South African economy, p.149; Doxey, The Industrial colour bar, p.59.

15. Killie Campbell, Mabel Palmer-versameling, Leêr 18, An open letter to the South African Labour Party, sonder datum.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bedreiging eerder as 'n bondgenoot beskou het. Dit is egter ook waar dat die sosialisme en die kommunisme 'n invloed binne die party uitgeoefen het. Hoewel die eintlike kommuniste, met die stigting van die KPSA in 1821, uit die Arbeidersparty weggebreek het, het promi= nente lede binne die party, steeds sosialistiese senti= mente gekoester. Dit geld vir lede soos Bill Andrews en C.F. Glass. Ook Walter Madeley, wat later in die Pakt-kabinet as minister van Pos- en Telegraafwese opgeneem is, het volgens Creswell die portefeulje gekry op grond van die feit dat daardie staatsdepartement 'n 'veilige portefeulje vir so 'n sosialis was'.[16].

Tussen die Kommunistiese Party en die Arbeidersparty was die verhouding dus aanvanklik vloeibaar. Die KPSA het die Pakt tydens die 1924-verkiesing gesteun. Bill Andrews, wat in 1924 verkies is tot algemene sekretaris van die 'S.A. Association of Employees Organisations' (later die S.A. Trades Union Council) het, alhoewel hy meer aktief binne die blanke vakbondwese was, steeds binne die Kommunistiese Party gefunksioneer.[17]

Die breuk tussen die KPSA en die Arbeidersparty het kort na die 1924-verkiesing voorgekom tussen diegene wat die kommunistiese ideologie op 'n suiwer nie-rassige grond= slag wou interpreteer en diegene wat meer opportunisties binne die Pakt meegewerk het soos Madeley, en Peter Whiteside wat later hoof van die Spoorwegraad geword het.[18]

---

16. Creswell, An epoch, p.109.

17. Simons en Simons, Class and Colour, pp.329,330.

18. Simons en Simons, Class and Colour, pp.380-388.

## 1.3 DIE SLUITING VAN 'N VERKIESINGSPAKT

Onderliggende faktore het veroorsaak dat die Nasionalisteen die Arbeiders tot mekaar aangetrokke gevoel het. Die mees opvallende raakpunt was hul afkeer aan die Smuts- bewind - 'n misnoeë wat met die industriële onrus van 1922 op die spits gedryf is. Smuts se hantering van die 1922-staking was trouens die belangrikste faktor wat die Arbeiders en die Nasionaliste tot samewerking gestimuleer het.

Die Randse staking was 'n uitvloeisel van botsende belange van mynwerkers en mynbase. Vanaf 1921 het 'n daling in die wêreldprys van goud dit vir die mynhuise noodsaaklik gemaak om produksiekoste op die myne te besnoei.[19] Indien hulle nie die kostekrisis bevredi= gend kon oplos nie, sou verskeie laegraadse myne moes sluit. Aanvanklik is gepoog om produksiekoste deur middel van loonsverlagings, wat op sigself ongewilde maatreëls was, te besnoei. Toe dit egter nie die probleem oplos nie, is alternatiewe oplossings ondersoek.[20]

In Desember 1921 het die Kamer van Mynwese aangekondig dat hy nie van voornemens was om hom na Februarie 1922 by die 'status quo'-ooreenkoms wat in 1918 tussen hom en die blanke mynwerkersvakbonde aangegaan is, te hou nie. Volgens dié ooreenkoms het die Kamer van Mynwese onderneem om die status quo betreffende die verhouding tussen blanke en swart werkers op die myne te handhaaf. Die praktiese implikasies van die verwerping van die 'status quo'-ooreenkoms was dat blankes in semi-geskoolde

---

19. N. Levy, The foundation of the South African cheap labour system, p.44.

20. Vir die aanloop tot en oorsake van die staking sien A.G. Oberholster, Die mynwerkerstaking, Witwatersrand, 1922, Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP, 1979.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



poste nou deur goedkoper swart arbeid vervang kon word. Bykans 2 000 blanke werkers - semi-geskoold en ongeskoold - sou daardeur hulle werk kon verloor het.

Die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie, wat die belange van die blanke vakbonde verteenwoordig het, en die Kamer van Mynwese kon nie tot 'n ooreenkoms kom nie. Op 1 Januarie 1922 het mynwerkers begin staak. Smuts het tussenbeide getree en 'n bemiddelaarsrol probeer speel.[21] Daardeur het hy slegs die indruk by die mynwerkers versterk dat hy die saak van die Kamer van Mynwese wou bevorder. Toe die staking egter spoedig in 'n militante opstand ontwikkel het, het hy krygswet afgekon= dig. Die hulp van burgermagkommando's en verdedigingseen= hede is ingeroep. Die staking is met geweld onderdruk. Smuts se hantering van die staking het die idee in blanke geledere versterk dat die simpatie van die regering by die imperiale kapitaliste en nie by die blanke werkers= klas gelê het nie. Smuts het sy afsydigheid jeens die gewone blanke arbeider bewys en die geweld waarmee die opstand onderdruk is, het hom in alle werkerskringe ongewild gemaak.[22] Die staking het die blanke werkers= klas oor taal en kultuurgrense heen verenig. Tydens die opstand het selfs werklose armblankes op die Rand, meesal Afrikaanssprekendes, 'n betekenisvolle gedeelte van die opstandkommando's uitgemaak.[23]

---

21. Vir Smuts se hantering van die konfrontasie tussen mynboukapitaal en georganiseerde blanke arbeid sien A.J. Posthuma, <u>Generaal J.C. Smuts as opposisieleier, 1924 - 1929</u>, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, 1980, pp.13-19.

22. Posthuma, <u>Generaal J.C. Smuts as opposisieleier</u>, pp.19,21.

23. Siening van die Goewerneur Generaal (Despatch 21.3.22, file Co 551/151 Public Record Office, London) aangehaal in R.H. Davies, <u>Capital, state and White labour</u>, p.156; sien ook Smuts se siening tydends die Volksraadsdebatte soos berig in <u>Cape Times</u>, 21 Maart 1922.

Benewens die feit dat die staking die weg gebaan het vir die totstandkoming van die Pakt, het dit die weerloosheid van die blanke werkersklas beklemtoon. Blanke werkers kon sondermeer deur swart arbeiders, wat om verskeie redes bereid was om teen laer lone te werk, vervang word. Omdat swartes steeds bande met hul bestaansekonomie in die reservate behou het, kon hulle hul arbeid teen laer lone verhandel, aangesien hulle gesinne nie direk van hierdie lone afhanklik was nie.[24] Hierdie werkers het voorts nóg politieke regte nóg statutêre beskerming geniet en was dus besonder kwesbaar vir kapitalistiese uitbui= ting.[25] Dit was juis die uitbuitbaarheid van die swart werker wat die blanke_werker bedreig het. Johnstone praat byvoorbeeld van die "structural insecurity" van die blanke arbeidsmag. Dié toedrag van sake het in die guns van die kapitaliste getel deurdat 'n arbeidmag met "differential exploitability of labour", aldus Johnstone, daardeur geskep is.[26]

Die twintigerjare was juis 'n tydperk waarin die blanke bevolking toenemend bewus geraak het van die getalsterkte van die swart bevolking. Die 1921-sensusverslag het die aandag gevestig op die hoë swart aanwas en hul getalle= oorwig.[27] Hierdie 'Swart gevaar' sou die voortbestaan van die blanke beskawing in Suid-Afrika bedreig. Die

---

24. Johnstone, <u>Class, race and gold</u>, pp.46-58. Sien ook H. Wolpe, "Capitalism and cheap labour power in South Africa : From segregation to apartheid", <u>Economy and society</u>, vol.1, 1972, pp.433-439, vir die uitwerking van die trekarbeidstelsel op lone.

25. Johnstone, <u>Class, race and gold</u>, pp.46-58 bied 'n uiteensetting van die eksploiteerbare posisie waarin beide swart en blanke werkers hulle vis a vis kapitalistiese belangegroepe bevind het.

26. Johnstone, <u>Class, race and gold</u>, pp.40-45.

27. UG 37 -24, <u>1921-Sensusverslag.</u> Sien ook Lord Oliver, <u>The anatomy of African misery</u>, p.208 vir die uitwerking van die sensus-verslag op blanke gemoedere.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vrees vir die 'Swart gevaar' het 'n verdere aanknopings=punt tussen die Arbeiders en die Nasionaliste geword en sou ook duidelik in die Pakt se arbeidsbeleid uitkrista=liseer.

Dit blyk dus dat daar verskeie raakpunte tussen die strewes van die Nasionale Party en dié van die Arbeiders=party was. Die persoonlike vriendskap tussen Hertzog en Creswell het pogings tot samewerking tussen die twee partye verder bevorder.[28] Beide leiers het die invloed van kapitalistiese belangegroepe op die SAP met agterdog bejeen. Reeds voor die staking, in Oktober 1921 het Creswell sy bekommernis teenoor Hertzog uitgespreek oor die konsentrasie van eiendom in die hande van 'n klein groepie kapitaliste en veral die feit dat hulle as die vernaamste werkgewers nie nuwe nywerhede sou aanmoedig nie, aangesien dit hulle toevoer van arbeid sou belemmer.[29] Ook Hertzog het, hoewel hy nie teen die kapitalisme as sodanig gekant nie, hierdie afkeer onderskryf. Aldus kon Creswell aan Hertzog aangaande hul samesprekinge skryf:

> We found ourselves broadly in agreement in our view that the present government acts as though dominated by the conviction that the interests of this country are best served by its taking what may be termed 'the big financial' view of our various internal and financial problems.[30]

Die samewerking tussen die Arbeiders en die Nasionaliste voor en tydens die staking is veral deur Tielman Roos,

---

28. M. Creswell, An epoch, pp.79-81; C.E.M. O'Dowd, "The general election of 1924:, South African Historical Journal, vol.2, November 1970, p.56.

29. SAB, Creswell-versameling, Band 3.iv, Creswell aan Hertzog, 14 Oktober 1921.

30. Creswell, An epoch, p.94.

Transvaalse leier van die Nasionale Party, geïnisieer. Dit was Roos wat die Nasionale Party aangeraai het om sy lot by die Arbeiders in te werp toe dit geblyk het dat volskaalse nywerheidsonrus op die Rand sou uitbreek. Roos het so ver gegaan as om te beweer dat die boer (Nasiona=liste) en die werker (Arbeiders) eintlik die land moes regeer.[31] Hy het ook 'n bemiddelaarsrol gespeel toe hy 'n afvaardiging na die Goewerneur-generaal gelei het om die stakers se probleme aan te voer.

Op 6 Februarie 1922 het die Arbeider- en Nasionale-volks=raadslede saam in Pretoria vergader om 'n oplossing vir die staking te probeer vind. Hoewel hulle geen oplossing kon vind nie, is die fondamente vir samewerking gelê.[32] Na afloop van die staking het Hertzog en Creswell ampte=lik oor 'n verkiesingsooreenkoms begin onderhandel. Hertzog het ingestem tot die items op die verkiesingsoor=eenkoms soos deur Creswell opgestel naamlik om aandag te gee aan blanke werkloosheid, pensioene, steun aan vakbonde en ander werkersorganisasies, stigting van 'n departement van arbeid en 'n naturellebeleid wat op segregasie sou berus.[33] Die vernaamste verskille tussen die twee partye is nou uit die weg geruim. Hertzog het onderneem om sy idees van afskeiding van die Britse Ryk ter syde te skuif. Creswell, wat self nooit 'n liefhebber van die sosialisme was nie, het onderneem om die Bolsjewistiese doelstellings van sy party ter syde te skuif.[34] Die verskiesingsooreenkoms is kort daarna deur

---

31. J.P. Brits, <u>Tielman Roos, Sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek, 1907 - 1935</u>, pp.154-167.

32. Vir 'n uiteensetting van die totstandkoming van die Pakt sien J.P. Brits, <u>Die totstandkoming van die Pakt-regering van 1924</u>, Ongepubliseerde M.A.-verhande=ling, Universiteit van Potchefstroom, 1971.

33. Creswell, <u>An epoch</u>, pp.93-94.

34. Simons en Simons, <u>Class and Colour</u>, pp.304-305.

die onderskeie provinsiale kongresse goedgekeur.[35]

Op 5 April 1924 het die SAP in 'n tussenverkiesing 'n redelike veilige SAP-setel aan die Nasionale Party afgestaan. Smuts het nou verplig gevoel om 'n algemene verkiesing uit te roep. Die Pakt het die verkiesing met 'n meerderheid van 29 setels gewen, 63 setels vir die Nasionale Party en 18 setels vir die Arbeidersparty teen= oor die 53 setels vir die SAP. Die SAP het 19 setels verloor en selfs in die kiesafdelings waarin hulle hul setels behou het, het hul meerderheid betekenisvol afgeneem.[36]

---

35. Cape Times, 3 Januarie 1924.

36. O'Dowd, The general election, p.56.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 2

# ARBEIDSBELEID VAN DIE PAKT-REGERING

Uit die voorafgaande hoofstuk blyk dit dat die Pakt die blanke werker - geskoold, halfgeskoold en ongeskoold, stedelik en plattelands - verteenwoordig het. Die formu= lering van 'n arbeidsbeleid was dus hoog op die Pakt se prioriteitslys. Sodanige beleid moes voldoende statutêre beskerming aan blanke werkers verleen. 'n Kabinetsporte= feulje is vir arbeidsaangeleenthede geskep en 'n Departement van Arbeid is in die lewe geroep. Creswell het die Pakt se minister van arbeid en verdediging geword.

## 2.1 UITVOERING VAN DIE NYWERHEIDSVERSOENINGSWET

Die eerste taak wat Creswell gehad het, was om afgevaar= digdes van die verskillende blanke vakbondunies byeen te roep. Sy doelwit was om 'n verteenwoordigende liggaam van vakbondunies daar te stel ten einde die werking van die Nywerheidsversoeningswet van 1924, wat nog deur die Smuts-regering aanvaar is, te vergemaklik. Artikels 3 - 5 van die Nywerheidsversoeningswet het voorsiening gemaak vir die daarstel van 'n industriële raad waarop gelyke verteenwoordiging aan werkgewers en werknemers gegee sou word en wat industriële geskille sou besleg. Uit hierdie liggaam wat Creswell byeengeroep het, het die 'South African Association of Employees Organisations' ontstaan wat sedert sy tweede jaarlikse kongres as die South African Trade Union Congress (voortaan SATUC) bekend= gestaan het.[1] SATUC sou 'n belangrike rol in die Pakt-era speel.

---

1. Simons en Simons, <u>Class and colour</u>, pp.329-330.

## 2.2 WERKSKEPPING EN INDUSTRIëLE ONTWIKKELING

Een van die onmiddelike probleme wat die Pakt se aandag geeis het, was blanke werkloosheid. In 'n omsendbrief aan alle staatsdepartemente, gedateer 31 Oktober 1924 het Hertzog sy 'beskaafde arbeidsbeleid' uiteengesit.[2] Daarvolgens moes "...alle werkkragte wat as onbeskaafd gerangskik kan word in die Regeringsdiens" vervang word deur "beskaafde werkers". Beskaafde werkers is gekwalifiseer as "...persone, wie se standaard van lewenswyse ooreenkom met daardie standaard, wat gewoonlik erken word as taamlik wel die van die gewone Europeaan". Onbeskaafde werkkragte, daarteenoor was diegene "wie se lewensdoel beperk is tot die allernoodsaaklikste lewensbehoeftes, soos dit verstaan word onder barbare en onbeskaafde volke".[3] Hierdie voorkeur aan blanke arbeid het veral in die staatsdepartemente - spoorweë en bosbou - gegeld, waar swart werkers afgedank is om vir blankes plek te maak.[4] Verder is die landstale in 1925 so omskryf dat persone wat 'Hollands magtig' was ook persone kon insluit wat Afrikaans magtig was.[5] Daardeur is groter werksgeleenthede vir Afrikaners in die staatsdiens geskep.

Werkverskaffing aan blankes ten koste van swart werkers was nie nuut nie. Die SAP het reeds begin met 'n beleid waarby swart werkers op die spoorweë afgedank is en vervang is met blanke werkers.[6] Werkverskaffing is

---

2. Offisiële Jaarboek No.9, 1926 - 1927, p.203, Sirkulêre No.5.

3. Offisiële Jaarboek No.9, 1926 - 1927, p.203, Sirkulêre No.5 art.1.

4. Van der Horst, Native labour, pp.249-251.

5. Wet no.8 van 1925.

6. Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union, p.82.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



egter op 'n meer uitgebreide skaal deur die Pakt aangepak as wat die geval was met die SAP. Dit het die Pakt in 'n gunstige posisie vis a vis die SAP gestel. Blankes wat op die spoorweë en in bosboukolonies in diens geneem is, kon na 'n kort tydperk stemreg in dié betrokke gebied verkry. Dit het die Pakt-regering voorsien van 'n (soos 'n brief=skrywer, waarskynlik Rose Innes, dit gestel het) "...mobile voting force which can be brought into action wherever useful..." Hy wys daarop dat dit trouens die geval in die Barberton distrik was waar so 'n kolonie van 250 families "...with which I am personally acquainted," tot stand gekom het. Daardie mense, het hy beweer, was "completely dependent on the government even for subsistence." By implikasie sou hulle vir die regering stem, wat beteken het "that the S.A.P. majority in the Barberton district will soon disappear."[7]

Die Pakt het ook wetgewing aangeneem om binnelandse industriële ontwikkeling te stimuleer. Die Doeanetarief en Aksynsregte Wysigingswet van 1925 het voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Handels- en Industriële Raad wat invoertariewe moes verhoog om sodoende lokale industrieë te beskerm. Die beleid van tariefbeskerming was nie slegs gerig op die stimulering van die binneland=se ekonomie nie, maar ook op die skepping van werksge=leenthede vir blankes. Die wet het naamlik bepaal dat tariefbeskerming nie sou geld vir industrieë wat "...onbevredigende arbeids-toestanden in stand houdt" nie.[8] Bevredigende werksomstandighede het geïmpliseer dat sulke nywerhede 'n sekere aantal blanke arbeiders in

---

7. Kaapse Openbare Biblioteek, James Rose-Innes versame-ling, dokument 757, ongetekende afskrif waarskynlik deur Rose-Innes aan onbekende 20 Junie 1929.

8. Doeanetarief en Aksynsregte Wysigingswet no.36 van 1925, afd.4 (1) (c).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



diens moes neem.[9] Industriële beskerming was dus deel van die beskaafde arbeidsbeleid deurdat dit op werkskep= ping vir blankes neergekom het. Voorts is regeringskon= trakte uitgegee aan maatskappye wat 'n groot persentasie blanke arbeiders in diens gehad het.[10]

Kaplan beweer dat die Pakt met hierdie beleid van indus= triële beskerming daadwerklik van die 'laissez faire' beleid van sy voorgangers wegbeweeg het. Volgens hom het die SAP, vanweë die teenkanting van mynboukapitaal, bloot lippediens aan industriële beskerming gebied. Hy beskou die beleid van tariefbeskerming as 'n "...definite change in policy" en "...inauguration of a more deliberate and purposeful policy of protection".[11]

Kaplan se bewering is nie korrek nie. Industriële besker= ming was geensins 'n nuwe verskynsel in die Suid-Afri= kaanse geskiedenis nie. Tariefbeskerming aan lokale industrieë het so vroeg as 1906 voorgekom toe staatsbe= skerming aan 'n sekere aantal industrieë onder andere skoeisel, drukwerk, komberse en suiker verleen is.[12] Ook gedurende die Eerste Wêreldoorlog het plaaslike industrieë tariefbeskerming geniet.[13] In die periode

---

9. Houghton, <u>The South African Economy</u>, p.122 en J. Natrass, <u>The South African Economy: Its growth and change</u>, p.163.

10. Natrass, <u>The South African Economy</u>, p.76.

11. D.E. Kaplan, "The politics of industrial protection in South Africa, 1910 - 1939", <u>Journal of South African Studies</u>, Vol.3, Oktober 1976, p.73-77.

12. Board of Trade and Industries, Report no.282, Investigation into Manufacturing Industries in the Union of South Africa, p.102, par. 323. Sien ook D. Innes en M. Plaut, "Class struggle and economic development in South Africa : The inter-war years", <u>University of London Institute of Commonwealth studies, Collected seminar papers on Societies in South Africa</u>, vol.9, Oktober 1977 - Junie 1978, p.90.

13. Union Customs Tarriff Act, No.26 van 1914.

1917 - 1918 het die industriële sektor reeds 10% tot die nasionale inkomste bygedra teenoor 7% in 1911 - 1912 en 19% in 1942 - 1943.[14] Tussen 1921 en 1924 is tariefbe= skerming uitgebrei na 'n verdere 16 industrieë. Die SAP het dus ook tariefbeskerming aan die industriële sektor gebied. Die verskil het egter daarin gelê dat die Pakt met industriële beskerming ook die skepping van blanke werksgeleenthede in gedagte gehad het.

Die Pakt het inderdaad daarop geroem dat hy deur sy beleid van industriële beskerming meer werksgeleenthede vir blankes geskep het. In 1917 het sowat 46 100 blankes in die industriële sektor gewerk teenoor sowat 80 745 in die periode 1926 - 1927.[15] In November 1925 verklaar Hertzog te Smithfield:

> Toe ons die Regering van die land aanvaar het, was die land in 'n haast hopelose toestand van werkloosheid onder die blanke. Dank sy die verandering in politiek deur ons aangebring, is opnuut poorte tot die arbeidsveld vir ons seuns geopen, en het werkloosheid van die toneel verdwyn.[16]

Nie alle historici is dit eens dat die Pakt werklik deur sy beleid van industriële proteksie werksgeleenthede vir blankes wou skep nie. Volgens Kaplan het slegs sowat 3% meer blankes daardeur werk gekry en

> ...the policy of industrial protection was primarily designed to effect the industrial development in the Union, in the interest of

---

14. Report No.282, Investigation into Manufacturing Industries in the Union of South Africa, tabel iv, p.11.

15. C.M. van den Heever, Genl. J.B.M. Hertzog, p.207.

16. SAB, Hertzog-versameling, ou band Nr.83, Hertzog op Smithfield, 13 November 1925. Sien ook Rand Daily Mail, 14 November 1925 vir 'n ontleding van die toespraak.

> agricultural capital, and only secondarily to provide employment opportunities for whites.[17]

Dit lyk dus eerder asof die beleid van tariefbeskerming primêr daarop gerig om ekonomiese groei te verseker. Die skepping van werksgeleenthede was van sekondêre belang - 'n bonus wat met sodanige groei gepaard gegaan het. Die Pakt het 'n hoë premie op ekonomiese groei geplaas. Die depressie, wat op die Eerste Wêreldoorlog gevolg het, was een van die redes vir die val van Smuts in 1924 [18] en Hertzog sou 'n soortgelyke situasie wou vermy. In die 1920's was mynbou en landbou die vernaamste ekonomiese aktiwiteite,[19] maar die mening is op hierdie stadium vry algemeen gehuldig dat goudproduksie binne 'n afsienbare tyd 'n hoogtepunt sou bereik waarna dit drasties sou afneem. Die geskatte goudopbrengs vir 1940 was byvoorbeeld R51 miljoen teenoor die werklike opbrengs van R236 miljoen.[20]

Vir die Pakt het die sleutel tot ekonomiese groei dus in die industriële sektor gelê. Kapitaal vir industriële ontwikkeling het egter nie vanaf die goudmyne gekom nie. Mynbou, by verre die grootste besitter van kapitaal, was nie geïnteresseerd nie. Mynboukapitaal was oorsese kapitaal wat nie sou baat by die ontwikkeling van 'n plaaslike verbruikersmark of by verhoogde uitvoere nie. Voorts sou industriële groei kompetisie in die arbeids=

---

17. Kaplan, "The politics of industrial protection", pp.86-87.

18. Posthuma, <u>Genl. J.C. Smuts</u>, pp.10-13, 35.

19. In 1920 het landbou en mynbou gesamentlik 39.9% tot die BBP bygedra teenoor 7.4% van die industriële sektor. In 1930 was die bydrae van landbou en mynbou 29.5% teenoor 9.4% vir die Industriële sektor. Wolpe, "Class, race and occupational struggle", p.106.

20. Houghton, <u>The South African economy</u>, p.105; Wilson, <u>Labour in the South African gold mines</u>, p.83.

mark ontketen wat weer druk op lone sou meebring. 'n Geskoolde industriële werkersklas was 'n potensiële bedreiging vir die hele stelsel van goedkoop ongeskoolde arbeid.[21]

Staatskapitaal is dus aangewend om die gebrek aan pri= vaatkapitaal aan te vul. Die staalindustrie is byvoor= beeld nooit deur privaatkapitaal gemonopoliseer nie. Pogings van die Duitse staalfirma, Gutenhoffnungshutte, om in 1921 die verskeie staalvervaardigers se belange te amalgameer, het misluk.[22] Die Suid Afrikaanse Staal Industriële Korporasie (Yskor) is in 1928 gestig met die staat as die belangrikste aandeelhouer.

Die Pakt was suksesvol in die industriële ontwikkeling wat hy gestimuleer het. Tussen 1925 en 1929 was daar 'n aansienlike industriële groeikoers van 4% per jaar.[23] Daar moet egter in gedagte gehou word dat Hertzog in die uitvoering van sy ekonomiese beleid deur 'n algemene ekonomiese oplewing bevoordeel is. Die ekonomiese groei wat dwarsdeur die twintigerjare voorgekom het, kan gevolglik nie uitsluitlik aan die Pakt se ekonomiese program toegeskryf word nie.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat industriële beskerming en werkskepping in diens van die Pakt se 'Suid-Afrika eerste' beleid gestaan het. Nasionale belange en veral Afrikanerbelange moes beskerm word veral ten opsigte van Imperiale belange. Daar moet ingedagte gehou word dat die Pakt oorheers is deur die Nasionale Party aangesien die Arbeidersparty maar slegs drie lede in die kabinet gehad het.

---

21. Wolpe, "Class, race and occupational struggle", p.108.

22. Sien Houghton, <u>The South African economy</u>, p.123.

23. Sien Houghton, <u>The South African economy</u>, p.122.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.3 DIE LOONWET, 1925

Die industriële raad wat ingevolge die Nywerheidsversoe=ningswet, 1924 gestig is, moes geskille tussen werkgewers en werknemersorganisasies oor lone en werksomstandighede oplos. Dit het egter geen beskerming gebied aan onge=skoolde werkers wat nie deur geregistreerde vakbondunies verteenwoordig was nie.[24]

Die Loonwet van 1925 is aangeneem om hierdie leemte in die Nywerheidsversoenigswet te vul. Die Loonwet het voorsiening gemaak vir die stigting van 'n Loonraad, bestaande uit drie lede wat deur die Minister van Arbeid aangewys sou word. Die Loonraad moes ondersoek doen na lone en werksomstandighede van ongeskoolde werkers wat nie aan geregistreerde vakbonde behoort het nie.[25]

Volgens die Loonwet kon die Minister van Arbeid, op grond van die Loonraad se aanbevelinge, 'n minimumloon vir blanke arbeiders statutêr afdwing.[26] Die Loonwet was 'n poging om die uitbuiting van ongeskoolde blanke werkers te verhoed. Die beginsel van 'n 'beskaafde loon vir beskaafde arbeid' sou geld.

Die Loonwet het egter slegs die inkomste van blanke werkers beveilig. Creswell het beweer dat hy met die wet beoog het om die moontlikheid van wrywing in die produk=sieproses uit te skakel:

> The objects of any legislation are to produce a state of things in which you have more and more security, and in which you have less risk of

---

24. Nywerheidsversoeningswet no.11 van 1924, art. 3-5.

25. Loonwet no.27 van 1925, art. 2-3.

26. Loonwet no.27 van 1925, art.7.

15811661

> interruption to the productive industries of the country.[27]

Die vasstelling van 'n minimumloon sou nie van toepassing wees op persone wat werk verrig het in "...landbouw, tuinbouw of veeteelt of bosbou of op huisbedienden".[28] Die wet het dus 'n vername implikasie vir swartes ingehou. In die praktyk is alle swart plaasarbeiders en huisbediendes van die werking van die Loonraad uitgesluit.

## 2.4 DIE MYNE EN BEDRYWE WET (1911) WYSIGINGSWET, 1926

'n Wet wat 'n belangrike deel uitgemaak het van die Pakt se 'beskaafde arbeidsbeleid' was die Myne en Bedrywe Wysingingswet van 1926. Die wet het die bestaande wet op Myne en Bedrywe van 1911[29] gewysig en aangevul om sodoende alle onduidelikheid oor die kleurslagboom in die myne en bedrywe uit die weg te ruim. Artikel 4 van die Myne en Bedrywe Wet van 1911 het bepaal dat sertifikate vir die volgende poste op die myne 'n vereiste was: bestuurders, opsigters, opmeters, werktuigkundiges, masjiniste en plofstofdeskundiges.[30] Die 1926-wet het bepaal dat sertifikate vir bevoegdheid slegs aan blankes, kleurlinge en Creoolse of St.Helena-persone toegeken mag word en nie aan swartes of Indiërs nie. Dit het ook bepaal dat 'n bevoegdheidsverklaring enige tyd deur die Goewerneur-generaal as vereiste neergelê kon word.[31]

---

27. Senaatsdebatte, 9 Julie 1925, kol.825.

28. Loonwet no.27, 1925, art.1.

29. Wet op Mijnen en Bedrijven, Wet no.12 van 1911.

30. Wet op Mijnen en Bedrijven, 1911, art.4(n).

31. Myne en Bedrywe Wysigingswet no.25 van 1926, art.4.

Die kleurslagboom en statutêre erkenning daarvan was geen nuwe verskynsel in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie. Diskriminasie ten opsigte van toesighoudende werk in die mynbouindustrie kan terruggevoer tot die ontstaan van diepskagmynbou in die laat negentiende eeu. In die Zuid-Afrikaanse Republiek kon geen nie-blanke 'n masjiendry=wersertifikaat bekom nie. Hierdie sertifikaat was 'n vereiste vir werk as hysbakdrywer en 'n treindrywer.[32] Ook ten opsigte van dinamietskietery is sertifikate slegs aan blankes toegeken, terwyl poste van skofbase, bo- en ondergrondse voormanne en toesighouers vir blankes alleen gereserveer is.[33] Die Myne en Bedrywe wet van 1911 het die kleurslagboom deel van die Unie-wetgewing gemaak.[34]

Ten spyte van die statutêre erkenning wat aan die kleurslagboom verleen is sou die mynbedryf telkens poog om arbeidskoste te bespaar deur semi-geskoolde poste in die myne ook met swart arbeiders te vul. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het nagenoeg 25% van die hoofsaaklike Engelssprekende blanke werkers die myne verlaat om aan die oorlog te gaan deelneem. Hulle geskoolde en semi-ge=skool de poste is spoedig deur Afrikaners en swart werkers gevul.[35] Vir die Afrikaners het dit 'n deur=braak op die indiensnemingsfront beteken, soos in die volgende statistieke weerspieël word: Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die Afrikaner net sowat

---

32. Boilers and Machinery Law, wet no.12 van 1898, afd.102, aangehaal in Johnstone, Class, race and gold, p.107.

33. Ordonnansie 54, 1903, afd.157, aangehaal in Johnstone, Class, race and gold, p.107.

34. Johnstone, Class, race and gold, pp.60-78 bevat ruim inligting oor die kleurslagboom op die myne. Sien ook R.H. Davies, "The class character of South Africa's Industrial Conciliation Legislation", South African Labour Bulletin, vol.2, no.6, 1976, pp.6-20.

35. Johnstone, Class, race and gold, p.105.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



40% van die blanke arbeidsmag op die myne uitgemaak teenoor sowat 75% aan die einde van die oorlog.[36] Met die swartes het dit minder voorspoedig gegaan. Pogings om semi-geskoolde poste met swartes te vul het ontevredenheid uitgelok en het byvoorbeeld aanleiding gegee tot die 1917-onrus op die 'Van Ryn Deep' myn.[37] Dit was ook die spil waarom die 1922-staking gedraai het.

Die Myne en Bedrywe Wysigingswet van die Pakt het hernieude statutêre erkenning aan die kleurslagboom gegee. Hiermee wou die Pakt 'n herhaling van die 1922-onrus voorkom en die blanke werker teen swart kompetisie enersyds en kapitalistiese uitbuiting andersyds beskerm.

Tydens die tweede lesing van die Wysigingswet in die Volksraad het die Minister van Mynwese die benarde posisie van die blanke werker geskets:

> There are thousands of Natives, and it means naturally that the wages and expenses are kept low, and that it is attractive for the mining companies, the employers to utilize these herds of labourers, and not only to use them for rough work, but also to train them so that at least they may take the place of white men.[38]

Die patroon waarin mynarbeid in geskoolde versus ongeskoolde arbeid verdeel is en die rassestereotipering wat daarmee gepaard gegaan het, het ook as model gedien vir die ekonomie as 'n geheel.[39] Vandaar dat die industriële groei van die Hertzog-era gepaard gegaan het

---

36. Johnstone, Class, race and gold, p.105.

37. Johnstone, Class, race and gold, p.107.

38. Volksraadsdebatte, vol.3, 13 Februarie - 15 April, 1925, kol.268.

39. Doxey, The industrial colour bar, p.66.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met pogings om die kleurslagboom ook in die industriële sektor te vestig veral aangesien hier 'n minder afgebakende skeidslyn was.[40]

Op die oog af lyk dit asof die Wysigingswet van 1926 die kapitalistiese groepe en veral die mynhuise sou verhoed om arbeidskoste te besnoei deur van die goedkoopste beskikbare arbeid gebruik te maak. Vandaar dat historici van die Liberale skool hierdie kleurslagboomwet gekritiseer het omdat dit, volgens hulle, onnodige druk op die vryemarkstelsel geplaas het en arbeidskoste opgestoot het. Sheila van der Horst interpreteer hierdie wetgewing as 'n las op die goudmyne omdat dit hulle verhoed het om swart arbeid tot hul eie voordeel te gebruik. "Employers in the mining industries are prevented from making full use of the capacities of natives".[41] Ook Francis Wilson in sy werk oor arbeid op die Suid-Afrikaanse myne het hierdie mening gehuldig:

> Over the years there has been a quiet, but non the less real, struggle between the white trade unions seeking to maintain a rigid colour bar and mine management who seek to prevent labour costs from rising by breaching the colour bar and thus increasing the supply of skilled labour.[42]

Die kleurslagboomwetgewing het veral die aandag van die historici wat van die neo-Marxistiese ontledingsmodel

---

40. Davies, "The class character of South Africa's Industrial Conciliation Legislation", South African Labour Bulletin, Vol.2, no.6, 1976, pp.7-8.

41. Van der Horst, Native labour, pp.185-191.

42. F. Wilson, Labour in South African gold mines, p.114.

gebruik gemaak, ontlok.[43] Hierdie historici gaan van die standpunt uit dat die kapitalistiese belangegroepe en veral mynboukapitaal aktief bygedra het tot die kleur= slagboomwetgewing.[44] Daar word beweer dat die Myne en Bedrywe Wysigingswet nie werklik die blanke werkers beskerm het nie, maar wel die belange van die kapitalis= tiese belangegroepe. Volgens Yudelman was daar 'n simbio= tiese verhouding tussen die staat en kapitaal en is georganiseerde blanke arbeid volstrek gekoopteer en onderdruk deur hierdie kapitaal-staat alliansie.[45] Met die kleurslagboom het die kapitaliste die werkersklas op etniese grondslag verdeel. Die blanke werkersklas is tot 'n klas van toesighouers gekoopteer - die "new petty bourgeoisie". Die grootste gedeelte van die werkersklas, naamlik die swartes moes deur hierdie toesighouers in 'n onderhorige posisie gehou word.[46]

Yudelman se teorie klink aanloklik. Dit lei egter te betwyfel of die kapitaliste in die algemeen en die mynhuise in die besonder in staat was om wetgewing so regstreeks te beïnvloed, veral as in aanmerking geneem word dat die Pakt maar kort aan bewind was toe die Myne en Bedrywe Wysigingswetsontwerp ingedien is.[47] Lipton

---

43. Die ongepubliseerde M.A.-verhandeling van G. Verhoef, Die radikale geskiedskrywing oor Suid-Afrika: 'n historiografiese studie, bied ruim inligting oor die verskillende standpunte wat deur historici uit die Neo-Marxistiese skool gehandhaaf word.

44. Johnstone, Class, race and gold, pp.42-63, pp.156-218; Davies, Capital, state and White labour, pp.179-232.

45. D. Yudelman, The emergence of modern South Africa: State, capital and the incorporation of organised labour in South African gold fields, 1902 - 1939, pp.9-19.

46. Yudelman, The emergence of modern South Africa, pp.40-42.

47. Die wetsontwerp is reeds op 22 Januarie 1925 in die Buitengewone Staatskoerant gepubliseer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



se siening dat die mynhuise nooit die politieke mag gehad het wat hierdie historici aan hulle wil toedig nie is nader aan korrek.[48] Die kleurslagboom het die blanke werker veel eerder bevoordeel as benadeel:

> ....the job bar.... gave them a monopoly of skilled jobs and preferential treatment in other jobs. This policy was costly to white capital (and to black labour), but benefited white workers, whose interests thus reinforced their prejudices.[49]

## 2.5 DIE 'NATURELLE'-BELEID VAN DIE PAKT-REGERING

Die beleid van 'beskaafde arbeid' staan nie los van die algemene 'Naturelle'-beleid van die Pakt nie. Die begin=sel van segregasie het die Pakt se beleid jeens swart verstedeliking, grondbesit en stemreg onderlê. Vandaar dat die gevolgtrekking soms foutiewelik gemaak word dat die beleid van 'beskaafde arbeid' op ekonomiese segrega=sie neergekom het. Voorts is dit belangrik om in gedagte te hou dat die Pakt in 'n groot mate die 'Naturelle'-beleid van sy voorgangers voortgesit het.

Hertzog self het 'n betekenisvolle invloed op die formu=lering van die breë 'Naturelle'-beleid gehad. As Eerste Minister en Minister van Naturellesake kon hy die kabinet beïnvloed. Hy was die enigste lid in die Pakt met kabi=netservaring. Sedert hy in 1912 as minister van Naturel=lesake in die Botha-kabinet gedien het, het hy homself aan die oplos van die 'Naturelle'-vraagstuk gewy.[50] Dit het aan hom 'n voorsprong in Naturellesake bo sy party=

---

48. Lipton, Capitalism and Apartheid, pp.113-116.

49. Lipton, Capitalism and Apartheid, p.115.

50. SAB, Hertzog-versameling, Ou band nr.35, Nuwe band nr.112-102, Hertzog aan Edgar Brookes, 23 Maart 1924.

genote en die opposisie gegee. Hy is byvoorbeeld deur tydgenote beskou as die eerste premier en een van die enigste politici wat daadwerklik en konstruktief gepoog het om 'n algemeen geldende beleid insake swartes in die Unie uit te werk.[51]

Hertzog was van mening dat die oplossing van die rasse=vraagstuk in segregasie gelê het. Hierin het hy tydens sy bewindsaanvaarding in 1924 veral by prof. E.H. Brookes aanklank gevind. Laasgenoemde het in sy boek oor 'Naturelle'-beleid in Suid-Afrika ook segregasie as oplossing vir die 'Naturelle'-vraagstuk voorgestaan.[52] Hertzog was so verheug oor die ooreenkomste wat hierdie werk met sy eie denke getoon het dat hy dit onverbloemd geprys het: "The work is bound to become a standard one on Native Policy, constantly consulted on this or that topic."[53]

Teen 1924 was dit duidelik dat 'n oplossing vir die kwessies van swart stemreg en grondbesit spoedig gevind sou moes word en spreek Hetzog homself as volg daaroor uit:

> Nog nooit tevore in die geskiedenis van die jare sedert Unie is daar 'n sterker begeerte en drang naar verandering in die toestand van naturelle sake gevoel as vandaag (sic). Sowel die Europese bevolking as die naturel dring aan op 'n verandering.[54]

---

51. E.H. Brookes, The history of Native policy in South Africa from 1830 to the present day, p.164.

52. Brookes, The history of Native policy, p.164. Brookes het later tot ander insigte gekom, sy kragte by die liberaal-denkendes ingegooi en segregasie verwerp.

53. SAB, Hertzog-versameling, Ou band nr.35, Nuwe band nr.112-101, Hertzog aan Edgar Brookes, 23 Maart 1924.

54. SAB, Hertzog-versameling, ou band nr.83, Hertzog te Smithfield, 12 November 1925.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1926 het Hertzog vier interafhanklike wetsontwerpe rakende swart grondbesit en swart stemreg by die Uniepar= lement ingedien. Die Wetsontwerp op Volksraadsverteen= woordiging van Naturelle het voorsiening gemaak vir die verwydering van die Kaapse stemgeregtigde swartes van die algemene kieserslys; die Unie Naturelleraadswetsontwerp het voorsiening gemaak vir die instelling van 'n aparte Raad waarop swartes sitting sou hê; die Naturelle Grond Wysigingswetsontwerp het voorsiening gemaak vir territo= riale segregasie geskoei op die 1913 Naturelle Grond Wet. Die vierde wetsontwerp het voorsiening gemaak vir die geleidelike uitbreiding van Kleurlingstemreg na die Transvaal, Natal en die Vrystaat.

Dié vier wetsontwerpe is mettertyd na twee afgeskaal en sou eers in 1936 aangeneem word. Nogtans werp die wetsontwerpe lig op die mate waarin die beleidsrigtings deur Hertzog ingeslaan is, op die segregasiebeginsel geskoei was.[55]

Die Naturelle (Stadgebiede) Wet van 1923 sowel as die Wysigingswet van 1927 illustreer in welke mate die beleid jeens swart verstedeliking op segregasie sou berus. Die mening is vry algemeen gehuldig dat die stede uitsluitlik blanke gebiede was en dat swartes se bestaan in landelike gebiede gehandhaaf moes word.

Die feit dat die teenwoordigheid van swartes enigsins in die stede geduld is, kan hoofsaaklik aan die behoefte aan goedkoop ongeskoolde arbeid binne die blanke gemeenskap toegeskryf word. Stedelike segregasie het natuurlik ook tot voordeel van die blanke gemeenskap gestrek. Verbrui= kersindustrieë, soos byvoorbeeld bierbrouery, is nie

---

55. Lacey, Working for Boroko, pp.12-51 en 84-120, gee uitvoerige aandag aan Hertzog se segregasiebeleid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onder swartes in lokasies toegelaat nie.[56] Sodoende is verhoed dat swart entrepeneurs kompetisie aan blankes kon bied. Beleidmakers het nie op hierdie stadium besef watter groot afmetings verstedeliking reeds teen die einde van die twintigerjare sou aanneem nie.[57]

Segregasie het ook politieke gewetens gesus. Besorgd=heid, meesal vanaf die sogenaamde liberaaldenkendes, is telkemale uitgespreek oor die welsyn van swartes. Dit is gemaklik ter syde geskuif deur die argument dat die belange van die swartes deur 'n afsonderlike Departement van Naturellesake bevorder sou word.[58]

In breë trekke is die 'Naturelle'-beleid van die Pakt dus deur die segregasiebeginsel onderlê. Dit bly egter 'n ope vraag of die arbeidsbeleid as sodanig 'n manifestasie van die segregasiebeginsel was. H.B.Kruger huldig dié mening.[59] Dit is egter 'n oorvereenvoudiging van ware toedrag van sake.

Die arbeidsbeleid het feitlik onmiddellik na die Pakt se bewindsoorname uitgekristaliseer. Sedert sy bewindsoor=name is Hertzog gekonfronteer met die probleme rondom blanke werkloosheid.[60] Een van die eerste amptelike

---

56. F.A. Mouton, Swart verset teen die Durbanse Munisi=pale administrasiestelsel, 1929 - 1930. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1985.

57. SAB, Hertzog-versameling, nuwe band nr.171. Die hele leêr gee blyke van die afmetings wat verstedeliking in hierdie tydperk aangeneem het.

58. Sien Wits, SAIRR, 38.1, C.W. Cousins, Tenth session of Advisory Council of Labour: Natives under the Industrial Laws of the Union, 2.9.1927.

59. H.B. Kruger, Politieke aspekte van Genl. J.B.M. Hertzog se Naturellebeleid vanaf Unifikasie tot aan die einde van sy parlementêre loopbaan, pp.145-147.

60. SAB, Hertzog-versameling, Band no.181 bevat ruim briewe, klagtes en korrespondensie van blankes oor werkloosheid.

dokumente wat die Pakt-regering geformuleer het, was die een waarin hy sy arbeidspolitiek uiteengesit het.[61]

Die Loonwet en die Kleurslagboomwet het aan die begin van die Pakt-era verskyn. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die Pakt die beskerming van die blanke werker as prioriteit beskou het. Daardeur is die swart werker as die onmiddelike bedreiging geidentifiseer. Die arbeids= beleid van die Pakt-regering moet gevolglik aan die druk van blanke arbeidsbelange toegeskryf word.

Die 'beskaafde arbeidsbeleid' het wel sekere raakpunte met Hertzog se segregasiekonsep getoon. Die beleid van voorkeurindiensneming sou byvoorbeeld nie vir die Departement van Naturellesake geld nie. Die Departement is naamlik aangesê om meer swart tolke aan te stel.[62] Voorts het Hertzog gemeen dat, aangesien blankes in swart gebiede feitlik geheel en al van werkneming uitgesluit sou wees, daar geen regverdiging kon wees om swartes in blanke gebiede tot onbeperkte mededinging met blanke arbeid toe te laat nie.[63]

Nóg die Loonwet, nóg die Myne en Bedrywe Wysigingswet het egter eksplisiet gepoog om blank en swart ekonomies te skei. Die Wysigingswet het juis erkenning aan rassekontak gegee deur sekere vorme van arbeid vir blankes te reserveer terwyl handearbeid vir swartes oopgehou is.

In Augustus 1926 het Hertzog tydens die Naturellesake konferensie te Pretoria, verduidelik wat hy onder segregasie of dan differensiasie verstaan het:

---

61. Offisiële Jaarboek No.9, 1926 - 1927, p.203, Sirkulêre no.5 van die Eerste Minister, 31 Oktober 1924.

62. Kruger, Politieke aspekte, p.159.

63. Kruger, Politieke aspekte, p.167.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> "...I very strongly hold that your native has to be differentially treated from the European in the country ...." Hy het bygevoeg dat hy ten gunste was van "...treatment which will be just to the native and as just to the white man."[64]

Die Pakt het egter in geen stadium gepoog om die swartes tot dieselfde ekonomiese selfstandigheid, hetsy dan in die reservate, op te hef as wat hulle met die armblankes probeer doen het nie.

Die praktiese uitwerking van die Pakt se 'Naturelle'-beleid was juis dat dit die swartes in 'n onderhorige posisie gehou het. Die belastingwetgewing van 1925 het geen verligting vir die swart belastingbetalers gebring nie. Geen finansiële bystand is aan voornemende swart grondeienaars verleen om hulle sodoende finansieël op te hef nie. Daar bestaan geen aanduidings dat die Pakt in enige stadium afsonderlike swart state in gedagte gehad nie. Finansiële beleggings in die reservate het minimaal gebly.[65] Dit blyk dus dat die beleid van die Pakt eerder daarop gerig was om die swart bevolking in 'n ondergeskikte posisie te hou sodat hulle geen ekonomiese kompetisie vir die blankes kon bied nie maar wel steeds in die arbeidsbehoeftes van die blanke bevolking kon voorsien.

Die Pakt het trouens daadwerklik daartoe bygedra dat swart arbeid algaande in 'n swakker posisie vis a vis hulle werkgewers en by name die kapitalistiese belange=groepe geraak het. Die verbod wat die Naturelle-admini=strasie Wet van 1927 geplaas het op "die verspreiding van

---

64. SAB, Hertzog-versameling, Ou band nr.80, nuwe band nr.266, Verslag van Naturellesake konferensie, Pretoria, 18-19 Augustus 1925, p.2.

65. Wolpe, "Capitalism and cheap labour-power in South Africa", pp.433-435, <u>Economy and Society</u>, Vol.1, 1972.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leerstellinge wat daarop gemik was om vyandige gevoelens tussen Naturelle en blankes te bevorder" het swart werkersoptrede uiteindelik effektief beperk.[66]

## 2.6 GEVOLGTREKKING

Die Pakt se bewindsaanvaarding in 1924 word allerweë beskou as 'n keerpunt in die arbeidsgeskiedenis van Suid-Afrika. Die rede hiervoor is dat die politieke vleuel van georganiseerde blanke arbeid nou in die regering verteenwoordig was. O'Meara sien byvoorbeeld die Pakt as

> "...an unstable class alliance between sections of agricultural and industrial capital, together with an important strata of organised white labour."[67]

Die mening dat die Pakt vir 'n keerpunt in die arbeidsge=skiedenis verantwoordelik was, is korrek slegs vir soverre dit die verhouding tussen die staat, kapitale belangegroepe en die blanke werkersklas aanbetref. Wat die betekenis van die Pakt-regering vir die swart bevolking aanbetref is dit nie geldig nie. Vir die swartes was daar weinig verskil tussen die paswette van die Boererepublieke, die SAP of die Pakt; die Myne en Bedrywe Wysigingswet het slegs die misverstande van die 1911-wet uit die weg probeer ruim; konstitusionele kanale het bykans deurgaans nooit meer bestaan nie. Vir die

---

66. Naturelle-administrasie Wet, no. van 1927 hoofstuk vii. Sien ook Brits, Tielman Roos: Sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek, 1907 - 1935, p. 250 vir die rol wat Tielman Roos in die formulering van die wet gespeel het.

67. O'Meara, Volkskapitalisme: Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934 - 1948, pp.27-28.

swart bevolking het die Pakt voorwaar geen nuwe era ingelui nie.

Die Pakt het in die formulering van sy arbeidsbeleid bloot voortgebou op die grondslae wat deur sy voorgangers gelê is. In werklikheid kan die 'beskaafde arbeidsbeleid' teruggevoer word tot die Het Volk Party.[68] Die kleur=slagboom is al in 1911 statutêr omskryf.[69] Die Vakleer=lingwet het reeds in 1922 voorwaardes vir vakleerlingskap sodanig omskryf dat dit vir swartes en Kleurlinge bykans onmoontlik was om as geskoolde werkers opgelei te word.[70] Onafhanklike swart vakbonde kon vanweë die Nywerheidsversoeningswet van 1924 nie registreer nie.[71] Die wet het die onderdrukking van effektiewe vakbondbewe=gings geimpliseer.[72] Wettige swart stakings was trouens reeds teen 1924 bykans onmoontlik op grond van die Heer- en Diensbode wetgewing wat vóór Uniewording in al vier die provinsies bestaan het en op grond van die Native Labour Regulation Act van 1911.[73]

---

68. B.K. Murray en A.W. Stadler, "Van die Pakt tot die begin van apartheid, 1924 -1948", in T. Cameron en S.B. Spies, Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld, p.251.

69. Wet op Myne en Bedrywe van 1911.

70. Die Vakleerlingwet No.26 van 1922.

71. Nywerheidsversoeningswet No.11 van 1924.

72. Vir 'n uitvoerige klasse-ontleding van die implika=sies van die Nywerheidsversoeningswet vir swart georgani=seerde werkersoptrede sien Davies, "The class character of South Africa's Industrial Conciliation Legislation", South African Labour Bulletin, Vol.2, no.6, 1976, pp.6-20.

73. Davies, "The class character of South Africa's Industrial Conciliation Legislation", South African Labour Bulletin, Vol.2, no.6, 1976, pp.6-7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die swartbevolking ten tyde van die Pakt se bewindsoorname reeds 'n onder=horige posisie binne die blank-gedomineerde samelewing beklee het. Die Pakt het hierdie 'Naturelle'- beleid voortgesit. In 1924 het organisasies soos die ICU en die SAKP die Pakt tydens sy verkiesingstryd nog ondersteun. Twee jaar later, met die inwerkingtreding van die kleur=slagboomwetgewing, het daar weinig optimisme vir die Pakt in swart kringe geheers.